

Sing vooraf staande: Psalm 131:1, 2 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgeenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstree, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Gebed

Psalm 68:1, 2 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Skriflesing: Romeine 7:7-25; Heidelbergse Kategismus, Sondag 44:113 en 115

Kernvers: Romeine 7:19, 24-25a

Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek. Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. (Romeine 7:19 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 113: Wat eis die tiende gebod van ons?

Antwoord: Selfs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie. Ons moet altyd en heelhartig vyande van alle sonde wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê (a).

(a) Rom 7:7.

Vraag 115: Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?

Antwoord: Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (a), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek (b). Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van

die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik (c).

(a) Rom 3:20; 1 Joh 1:9; Ps 32:5. (b) Matt 5:6; Rom 7:24, 25. (c) 1 Kor 9:24; Fil 3:12-14.

Tema: Die stryd van die gelowige in hierdie lewe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons bely wat God van ons eis kragtens die tiende gebod, tref dit ons hoe allesomvattend hierdie bevel van die Here is. Luister weer hoe ons dit bely: **Selfs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie.** Nooit, ooit mag ons net daaraan begin dink of wens om enige gebod van die Here te ignoreer of anders te doen as wat Hy van ons verwag nie. **Ons moet altyd en heelhartig vyande van alle sonde wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê.** Teen elke sonde moet ons altyd, nie net nou en dan nie, maar **altyd** vyande wees. Ons moenie dit net so oppervlakkig sê nie. Die vyandskap teen die sonde moet regtig hier uit ons hart uitkom. En daarmee saam moet ons begeer om alles te doen wat reg is in die oë van die Here.

Dadelik sal elkeen van ons kan uitroep: Maar dit is onmoontlik! Hoe op aarde sal ek dit ooit regkry? Daar gaan nie eers een dag verby in my lewe nie of ek dink aan maniere hoe ek my selfsugtige begeertes kan bevredig. En dan was my gedagtes nie eens naastenby by die wet van die Here nie. Ja, ek het vanoggend Bybel gelees en gisteraand huisgodsdienst gehou. Dit is nie dat ek nooit aan die Here dink of nooit sy Woord lees nie. Ek doen dit. Maar as ek gaan sê dat daar nooit 'n gedagte of 'n begeerte in my hart opkom teen enige van God se geboorte nie, is ek 'n leuenaar. Dit gebeur somer so maklik.

En om nou daarby te sê dat ek altyd met my hele hart vyand van alle sonde moet wees, terwyl ek hier diep in my hart weet: Maar dit is nie waar nie – ek kry dit doodeenvoudig net nie reg nie. Waar bring hierdie belydenis van ons oor die tiende gebod ons dan nou uit, broers, susters en kinders? Wel, ek kan sê waar dit my uitbring. Aan die een kant, laat dit my voel of hierdie lewe net een stryd aanmekaar is. Daar is net nooit 'n einde nie. En as ek sien hoe ek keer op keer dieselfde sonde oor en oor bedink en begeer, laat dit my voel of ek besig is met 'n verlore stryd. Daar is, lyk my, nie 'n manier dat ek ooit hierdie slegte en bose begeertes uit my hart gaan kry nie.

Aan die ander kant, en dit is nog nie beter nie, laat hierdie belydenis van ons oor die tiende gebod my soos 'n mislukking voel. Die Here is tog so goed en vol genade met my. Hy gee so baie liefde en sorg aan my. Maar kyk wat vang ek daarmee aan. Wanneer ek Bybel lees en na 'n preek luister, is ek vuur en vlam om teen die sonde te stry, maar net sodra ek die Bybel toegemaak het of uit die erediens uitstap, begin my gedagtes somer in 'n rigting maal – weg van wat ek my nou net voorgeneem het om te doen.

Broers, susters en kinders, ons kom dus agter dat ons in hierdie lewe in 'n geweldige stryd betrokke is. En wat die stryd so geweldig maak, is dat die stryd hier binne-in ons aan die woed is. Dit is 'n stryd in ons hart vir ons hart. En inderdaad is dit 'n aanhoudende stryd. Ons hoor ook hoe Paulus dit as 'n aanhoudende stryd beleef het. Hy skryf: **Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.**

Nou sal jy seker wil weet hoekom hierdie stryd binne-in ons woed? Ons beleef hierdie voortdurende stryd in ons omdat die Here in sy groot genade beslag gelê het op jou en my hart – die kern van ons lewe en verhouding met Hom. Aangesien Hy jou en my Skepper is en Hy aan ons die lewe gee, het Hy alle reg op ons. Ons is sy eiendom. En vir God is hierdie beslag lê op ons hart nie somer iets wat Hy so in die verbygaan sê of laat weet nie. Ons hemelse Vader, Jesus Christus, sy ewige Seun, en die Heilige Gees is voluit persoonlik betrokke in hierdie beslag lê op ons hart.

As ons gedink het dat dit vir ons alleen 'n stryd is, maak ons 'n baie groot fout. Vir Jesus Christus was dit 'n stryd tot in die dood in. Hy het die geweldige prys betaal deur van sy Vader verlate te wees sodat ek en jy nie vir ewig deur God verlaat sal word of ooit verlaat sal word nie. Jesus het helse pyn en smart en bange Godverlatenheid gely omdat jy en ek deur God uitgekies is en Christus het niks in sy pad laat staan om ons vir sy Vader te koop nie. Hy het sy lewe gegee vir ons.

Dit is omdat Jesus ons gekoop het en omdat die Heilige Gees ons beseël het as die eiendom van God dat hierdie stryd in ons hart begin woed het. En die stryd is aanhoudend omdat die groot vyand van ons God – die Satan – nie daarmee tevrede is dat God ons kan hê nie. Van die begin af wil die duiwel dit wat aan die Here behoort vir hom vat. En watter beter plek is daar om te begin vat wat aan die Here behoort as die mens – die kroon van God se skepping? En nou dat Christus dit kon regkry om die Satan op sy eie grondgebied – in die dood – te oorwin en God se eiendom kon loskoop, is die duiwel soos 'n brullende leeu wat rondloop en soek wat hy kan verskeur. Satan is domastrant genoeg om die nederlaag wat hy op Golgota gely het, nie sommer net so te aanvaar nie. En hy weet dat hy nie alleen in hierdie stryd teen God is nie. Deurdat hy met al sy verleidings net my sondige begeertes so 'n roering kan gee, het hy die gedagte dat hy tog die Here nog kan oorwin in my en jou hart.

Die Satan dink hy kan die stryd teen God vir ons hart wen, nie omdat hy so sterk is nie, maar omdat hy weet hoe geneig ek en jy is om aan sy verleidings toe te gee. Ons is nou eenmaal van nature geneig om teen God in opstand te wees omdat ons in sonde ontvang en gebore is. Maar ons is nie net sondaars nie. Ons is verlose sondaars – mense vir wie Christus die hoogste prys betaal het. En die Heilige Gees het begin om ons harte stadig maar seker te vernuwe. En in sy besig wees met ons stel die Heilige Gees ons in staat om die wapenrusting van God aan te trek. En met hierdie wapenrusting wat ons al begin aantrek het, is ons nie passief in hierdie aanhoudende stryd nie.

Dit is nie die Here en Satan wat oor jou en my hart 'n stryd voer nie. Binne-in my en jou woed hierdie stryd tussen ons ou manier van lewe en ons nuwe manier van lewe in gehoorsaamheid aan God. Daarom is die stryd nie net aanhoudend nie maar geweldig, want ons is midde daarin betrokke. Ons staan self op die oorlogsveld. Deur die genadige werk van die Heilige Gees met die Woord in ons lewens weet ons wat reg is in die oë van die Here. En met die nuwe hart wat die Heilige Gees aan ons gee het die begeerte in ons al gegroei om tog te wil doen wat reg is in die oë van die Here. Ons wil Hom met ons hele hart en siel liefhê. Ons wil ons naaste liefhê soos onself. Nie noodwendig omdat dit vir ons altyd lekker is nie, maar omdat ons weet en vertrou dit is wat God van ons verwag. Dit is die regte ding om te doen. En ons begeer om ons hart en lewe in pas met God se wil te kry.

Broers, susters en kinders, die stryd in en oor ons hart is nie net aanhoudend en geweldig nie. Wanneer ons kort-kort struikel en val in ons stryd wil ons moedeloos word. Dit voel naderhand vir ons dit is 'n verlore stryd waarin ons betrokke is. Ons kry dit dan nie reg om die oorwinning wat ons behaal het te behou nie. Ons hoor hierdie moedelose gevoel ook in Paulus se woorde: **Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.**

As gelowiges is ons regtig ernstig om aan die Here gehoorsaam te lewe omdat ons weet hoe ernstig dit vir die Here is. Maar hierdie geneigdheid wat ons het om verkeerd te doen en die feit dat dit vir ons so maklik is om verkeerd te doen, maak dat dit vir ons partykeer voel of ons dit nooit gaan regkry om altyd met ons hele hart vyande van alle sonde te kan wees nie.

Ons struikel maklik en val gereeld plat neer in die sonde, nie omdat die wet vir ons te moeilik is nie. Die Here het immers nie mense gemaak wat nie kan doen wat Hy van hulle verwag nie. Hy het goeie mense gemaak. Dit is weens ons eerste ouers, Adam en Eva, se opstand teen die Here dat ons nou hierdie geaardheid het om sonde te wil doen. En nou moet ons ook nie fout wil maak en sê: Maar dan is dit mos hulle skuld en nie myne nie. Nee, laat ons mooi nadink oor ons geaardheid. As daar vir 'n kind gesê word: Moenie in die water speel nie, waar gaan jy die kind kry? Jy gaan hom daar kry

waar hy nie moes wees nie – binne-in die water.

Net so is dit met ons en die wet van die Here. As die Here sê: Moenie so praat nie en moenie so maak nie, is ons van nature nuuskierig om juis dit te doen wat die Here nie wil hê ons moet doen nie. Ons is nou maar van nature nie daarmee tevrede om die Here net op sy woord te neem nie. Ons dink mos ons wil self uitvind wat gaan gebeur as ons nou nie luister nie. En intussen het die Here klaar gesê wat gaan gebeur as ons nie luister nie.

Daarom, geliefdes, kan ons nie wil beweer dat die wet vir ons te moeilik is nie. Ons kan ook nie wil sê dat die Here ons in 'n stryd betrek het waarvoor ons nie opgewasse is nie. Dit is nie die Here se skuld as ons so moedeloos voel in ons stryd teen die sonde dat ons dink dit is 'n verlore stryd nie. Dit is ons self wat die skuld daarvoor dra. En weens ons eie swakheid in hierdie stryd word ons so moedeloos dat ons hande in die lug wil gooi en uitroep: **Ek, ellendige mens!**

Dit is goed dat ons in ons stryd teen die sonde by hierdie punt uitkom. Maar nou gaan dit bepalend wees watter koers ons van hier af volg. Gaan die moedelose gevoel maak dat ek vassteek by die gedagte dat die stryd teen die sonde 'n verlore stryd is en dan handdoek ingooi? As dit die rigting is wat my kop wil neig, kies ek juis wat die Satan wil hê moet gebeur. Onthou, Satan is nie gepla of jy dit gemaklik het nie; hy wil jou maar net weg van die Here en teen die Here hê. En as jy opgegee het in die stryd teen die sonde het hy bereik wat hy wou.

Maar kyk mooi waarheen lei die dienskneg van die Here ons in die stryd teen sonde. Paulus het nie opgehou met die woorde, **Ek, ellendige mens!**, nie. Die Heilige Gees lei hom in sy moedeloosheid verder om ook te vra: **Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?**

- Om moedeloos te word in die stryd teen sonde is goed, want dan kom ons ook by daardie punt uit om raak te sien dat ek dit nie self kan regkry nie. En deur die genade van die Heilige Gees weet ek dat dit nie 'n verlore stryd is nie, want God begin nie met iets wat Hy nie kan klaarmaak nie. Daarom tel die Heilige Gees ook ons oë op om raak te sien dat die oorwinning in die stryd moontlik is. Op Golgota het die oorwinning begin. Jesus Christus ons Here het die Satan 'n nekslag toegedien. Hy is saam met die dood oorwin. En Jesus Christus het dit vir my en jou gedoen.
- En hoe kry ek en jy deel aan hierdie oorwinning? Hoe kry ons dit reg om deel te neem aan hierdie oorwinnende stryd? Ons kry dit alleen reg deur sonder ophou met hartlike versugtinge by die Vader te smek vir sy genade en die kragtige werk van die Heilige Gees. En ons mag dit vra, ons moet dit vra, want Christus het oorwin en Hy het ons verlos.
- Ons hemelse Vader het ons in die stryd teen die sonde betrek, nie sodat ons moet dink ons is alleen en aan die verloor nie, maar sodat ons afhanklikheid van Hom en sy Seun en sy Gees aanhoudend sterker en sterker in ons sal groei. Mag die Heilige Gees elke keer die tiende gebod gebruik sodat ek en jy na ons harte kan kyk en sien hoe weerloos ons werklik in ons stryd teen die sonde is en hoe kragtig ons Here is. En mag ons daardeur ons lewe aanhoudend buite onself in Christus bly soek.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 14-1:1, 2 (nuut)

- 1 Waak, Christen, staan in die geloof / dat niemand jou die kroon ontroof!
Wees wys en dapper, sterk en moedig, / – steeds toegewy aan God se werk,
standvastig, onbeweeglik, sterk, / vol ywer, altyd meer oorvloedig –
dan sal jou arbeid in die Heer / tot seën wees, sy Naam ter eer!
- 2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk

om kwaad en sonde te weerstrewe. / Verrig jou taak met vaste hand,
en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe.
En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
12 Februarie 2012**